# Randjienuus

# 7 Junie 2024

HOERSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED

## Is julle gereed? Ons bloed is blou!

# LEIERSKAPSWERKSWINKEL

'n Paar van ons personeel is met 'n leierskapswerkswinkel bederf wat deur **Dr. Sandy Geyer** en die ***Leadership Literacy for Life*-span** aangebied is. Die werkswinkel het ons beslis 'n bietjie anders oor leierskap laat dink en ons is opgewonde om van die vaardighede by die skool te implementeer. As skool sê ons baie dankie aan almal wat hierby betrokke was.



# SPORT

## FIETSRY

Ons tweede fietsrywedren het op 25 Mei teen Pretoria Boys High School plaasgevind. Dit was 'n goeie dag vir fietsry, met vier podiumplekke.

*Sub-junior:* **Evan Naudé (Gr. 8)** - Tweede

*Youth-15:* **Erik Breedt (Gr. 10)** - Derde

*Junior-17:* **Jayden Naude (Gr. 11)** - Derde

**Gustav Roller**, wat as 'n tuis-onderrigleerder vir ons fietsgery het het 'n eerste plek in Junior-17 katogorie behaal.

Ons het ook 'n fietsry-oefensessie saam met Laerskool Unika gehad. Dit was baie lekker. Die hoërskoolleerders het mooi en geduldig met die kleintjies gewerk om hulle met die tegniese aspekte van fietsry te help. Hulle het geleer hoe om te lê en kyk wanneer hulle om draaie gaan en toe lekker ***berms*** gery. Baie dankie vir hierdie saamwerkgeleentheid, Laerskool Unika!

# SKIET

**Annika Swanepoel (gr. 11)** is 'n aktiewe lid van BASA (*Big Bore Association of South Africa*). Die minimum kaliber vir deelname is 'n .375. Annika neem met 'n Brno 602 in 'n 375HNH deel. BASA het jaarliks ses skietdae en *Safari and Outdoor* het jaarliks twee skietdae wat as DGS (*Dangerous Game Shoot*) bekend staan. DGS, asook BASA simuleer stressituasies in die bos. Tydens die kompetiese skiet jy agt verskillende bane in spanne van 20, maar jy kompeteer as 'n individu. Elke baan simuleer 'n hoë druk omgewing in die jag van gevaarlike, wilde diere. Die bane sluit in bewegende teikens, gonge, asook presisieskiet (*precision shooting*). Tydens die eerste DGS van 2024 was daar 160 aktiewe skuts waarvan slegs vyf dames was. Annika was die enigste junior deelnemer. Sy het haar besonder goed van haar taak gekwyt. **Sy het 91ste geëindig en was die top dames-skut**. Die afgelope naweek het sy aan BASA deelgeneem waar sy weereens as die top dames-skut aangewys is.



# RUITERSPORT

Die naweek van 1 en 2 Junie het een van ons ruiters aan 'n byeenkoms gaan deelneem.

**Baie geluk aan die volgende prestasie:**

*Ashley Novello (Gr. 12):* Eerste - *Showjumping A2 (1 meter)*, Vierde - *Showjumping Competition Round (1 meter)*, Vyfde – *Equitation*. Trots op jou, Ashley!

# LANDLOOP

*Gauteng HS Association Inter Liga* - Na ses ligas kwalifiseer 21 van ons oefengroep se atlete vir die finaal. **Megan Kleynhans (gr. 8)** en **Edgar van der Spoel (gr. 9)** het al die ligas waaraan hulle deelgeneem het, gewen. Megan was die **derde junior dogter** en Edgar die **negende junior seun** tydens die finaal. Baie geluk aan al vier spanne van Hoërskool Randburg wat die finaal bereik het. Ongelukkig het die eksamen Maandagmiddag veroorsaak dat net die juniors en vier senior seuns kon deelneem. Almal het hul "atleet" gestaan en ons is trots op 'n vierde, vyfde en sewende plek in die spankompetisie. Megan Kleynhans het ook individueel presteer met 'n **derde plek**! Baie geluk aan al hierdie atlete.

# NETBAL

## B-NETBALSPANNE

Ons is baie trots op ons B-spanne wat fantasties tydens strawwe kompetisie in hul liga gevaar het. Julle maak ons baie trots! Ons sien uit om te sien hoe julle volgende seisoen gaan doen!

14 B – Eindig DERDE in hul liga
16 B – Eindig DERDE in hul liga
15 B – Eindig VYFDE in hul liga
Tweedes – Eindig SESDE in hul liga

## C EN D-NETBALSPANNE

'n Terugblik op die afgelope netbalseisoen… Ons is trots op elkeen van hierdie leerders wat elke uitdaging met entoesiasme aangepak het! **Hulle is werklik 'n voorbeeld van 'n Randjie wat nooit gaan lê nie!** Ons sien uit om te sien hoe julle volgende seisoen net nog gaan verbeter.

### Oomblikke wat uitgestaan het in die seisoen:

14C – Gelykop teen Randpark (17-17)
– Wen teen Florida (26-9)

15C – Wen teen Florida (10-6)
15 D – Wen teen KHS (10-7)

## ONS GROET NETBALMATRIEKS

Ons groet ons Netbalmatrieks! Baie dankie vir al julle harde werk die laaste VYF jaar! Julle is so 'n mooi voorbeeld van uithou en aanhou.

# GAUTENGKAMPIOENSKAPPE

Hoërskool Randburg is trots op ons **drie** spanne wat na hulle uitstekende liga-uitslae vanjaar direk na die Gautengkampioenskappe deurgedring het.

## Ons o/14A-span:

### Liga-uitslae:

- Wen teen KHS
- Wen teen Florida
- Wen teen Randpark
- Wen teen Monument
- Wen teen Linden
- Speel gelykop Noordheuwel
- Verloor teen Helpmekaar

Ons o/14's eindig algeheel **tweede** in hul liga wat 'n fantastiese prestasie is! **Hierdie span is definitief 'n span om dop te hou!** Baie sterkte aan hierdie dogters wat op Sondag, 9 Junie aan die Gauteng kampioenskappe deelneem. Ons sien uit om julle die naweek op die netbalbaan te aanskou. Sterkte, Meisies!

**Best of luck!**

## Ons o/15A-span:

### Liga-uitslae:

- Wen teen KHS
- Wen teen Florida
- Wen teen Randpark
- Verloor teen Noordheuwel
- Verloor teen Helpmekaar
- Verloor teen Monument
- Verloor teen Linden

Die o/15A-span speel in die uitspele teen Trinity Randpark en wen om te kwalifiseer vir deelname aan die Kay Motsepe Gautengkampioenskappe. Baie sterkte aan hierdie dogters wat op Vrydag, 7 Junie aan die Kay Motsepe kampioenskappe deelneem! Ons is opgewonde om julle hierdie naweek in aksie te sien!

## Ons o/16A-span:

### Liga-uitslae:

- ★ Wen teen KHS
- ★ Wen teen Florida
- ★ Wen teen Randpark
- ★ Speel gelykop teen Linden
- ★ Verloor teen Noordheuwel
- ★ Verloor teen Helpmekaar
- ★ Verloor teen Monument

Hierdie span het, ten spyte van twee beserings, fantasties gevaar en eindig **vierde** in die liga en is direk deur na die Gautengkampioenskappe wat op 9 Junie by Hoërskool Randburg plaasvind. Ons kan nie wag om te sien wat julle die naweek gaan doen nie! Sterkte, Meisies!

## SKUTS

**GSSU Liga 3 resultate:**

**Sporter onder 21**
1. Jayden Naude
3. Akira Jakobs
8. Emma Van Der Want
9. Celine Du Plessis
12. Dane Moolman

**Sporter onder 16**
2. Kyle Fölscher
3. Etienne van der Merwe
16. Marlouise van der Merwe

**Sporter onder 14**
2. Annabelle Kirstein
6. Neil Knoesen
7. Cara Pretorius
12. Minay van der Merwe

**Pistool onder 16**
1. **Chantal van der Bank (gr. 10)** (Sy het haar persoonlike beste met 1018 uit 1200 geskiet, voorwaar baie goeie punte.)

*Baie geluk, skuts!*

# HOKKIE

Baie geluk aan ons **Eerste dogterspan** wat die D2-/D12-liga gewen het. Hulle het Noordheuwel se B-span in 'n spannende agt sekonde uitskietrondte 3 - 2 gewen, nadat die wedstryd 0 - 0 gelykop geëindig het. **Hulle gaan deur na die Noordvaal uitspele!**

Die **o/15A-dogtershokkiespan** het ook die D2-/D12-liga 4-0 teen Noordheuwel se B-span gewen. **Hulle is ook deur na die Noordvaal uitspele!**

Die **o/16A-dogtershokkiespan** het ook die D2-/D12-liga gewen. Hulle het vir Riebeeckrand 1 - 0 geklop. **Hulle is deur Noordvaal uitspele.**

*Baie sterkte aan elke span wat op 27 Julie aan die Noordvaal uitspele deelneem, ons hou duim vas!*

# AITKENREEKS

Baie geluk aan die Eerste seuns-hokkiespan wat derde in die B-afdeling van die Aitkenreeks geëindig het. Hulle het Kemptonpark 2 - 1 geklop. Julle maak ons baie trots!

# BODENREEKS

Die o/15-seunshokkiespan het derde in hulle groep by die Bodenreeks geëindig.

Hulle het vir 'n vyfde tot 'n agtste plek gespeel en toe sesde geëindig, baie geluk.

# RUGBY

Baie geluk aan **Phillip Rykaart** wat in die o/16A Goue Leeus rugbyspan opgeneem is! Phillip gaan tydens die Grant Khomo week vir o/16's, in Gqeberha by Grey High School, die Leeus verteenwoordig. Jy maak ons baie trots!

# KULTUUR

## *RAND SYMPHONY ORCHESTRA*

**Ruan Visser (gr. 10)** is gekies om op 9 Junie saam met die *Rand Symphony Orchestra* tydens hulle Jeugfees op te tree. Dit is 'n baie groot eer wat hom te beurt geval het en ons sien uit om na hom te gaan luister! Kry gerus jou kaartjie deur die volgende skakel te gebruik: https://www.webtickets.co.za/v2/event.aspx?itemid=1547125135

*Ons is baie trots op jou, Ruan!*

## MAGNEETSKOOL MUSIEKPERSONEEL

Op 16 Mei het ons Magneetskool Musiekpersoneel weer die gehoor bekoor met werke deur *Bach, Sinding, Rossini, Chopin, en Liszt*, om 'n paar te noem. Hulle het die tegnies uitdagende werke met gemak bemeester en die gehoor in vervoering met hul musikale interpretasies gehad.

Baie geluk aan **Jan-Rudolf Britz (gr. 12)** wat as **wenner** van die Gauteng-wes semifinale ronde van die ATKV Redenaarskompetisie aangewys is. Hy dring deur na die finale ronde wat op 13 Augustus by ATKV-Klein Kariba plaasvind. Baie sterkte!

Baie geluk ook aan **Ethan Bester (gr. 11)** wat **vierde** in die semifinale ronde eindig.

# ATKV Redenaars 2024

*Welgedaan,*

*julle twee!*

## INTERSKOLE REDENAARSLIGA

**Ethan Bester (gr. 11)** is in twee afdelings - Afrikaans Onvoorbereide en Voorbereide Redenaars - deur na die Interskole Redenaars Nasionale finale. **Baie geluk, Ethan, jy maak ons trots!**

## ATKV TV-REALITEITSREEKS

**Nicole de Klerk (gr. 11)** is een van die top 8 wat met haar digitale monoloog na die ATKV se TV-realiteitsreeks, *Gekies vir die Kollig*, genooi is.

Dié reeks is in Oktober 2024 weer op pad na jou skerm - hierdie keer met ’n simbiotiese temawolk.

Die top 16 het geskaaf aan hul inskrywings na gelang van die terugvoer wat hulle tydens die eerste ronde ontvang het en die mentors moes kopkrap om die top 8 aan te wys.

**Behalwe vir Nicole, is leerders van die volgende hoërskole onder die top 8:**

Hoërskool Jan van Riebeeck, Hoërskool Ben Viljoen, Hoërskool Noordheuwel, Windhoek Gymnasium, Hoërskool Hugenote, Hoërskool Randburg, Parel Vallei.

Baie geluk, Nicole, ons is trots op jou!

# ON THE STAGE DANCE FESTIVAL

**Arnel Swart (gr. 11)** het onlangs aan die *On the Stage Dance Festival* deelgeneem en die volgende *uitslae behaal:*

*Solo's:*

- *Jazz Solo – Gold (80-84%)*
- *Latin Cha Cha/ Samba Solo – Crown Gold (85-89%)*

*Duo/ Trio:*

- *Latin Sensation Trio – Crown Jewel (90-100%)*
- *Latin Cha Cha Duet – Crown Gold (85-89%)*

*Baie geluk met jou uitstekende uitslae, Arnel!*

Spesiale toekennings:

- Arnel word aangewys as die Beste Senior *Latin* Danser.
- Die *Latin* trio ontvang die toekenning vir *Top Class Entertainment.*

## *HIP HOP INTERNATIONAL SOUTH AFRICA* NASIONALE KAMPIOENSKAPPE

**Jessica Oosthuizen (gr. 11)** en haar span het aan die *Hip Hop International South Africa* se nasionale kampioenskappe deelgeneem en 'n tweede plek verower. Jessica word in die nasionale span opgeneem wat Suid-Afrika in Augustus in Phoenix, Arizona (VSA) gaan verteenwoordig.

# CINDERELLA

**Marissa van den Berg (gr. 12)** het onlangs die voorreg gehad om die rol van die aaklige stiefma te vertolk in 'n baie besonderse dansproduksie, *Cinderella*, wat deur die *JOZI Youth Dance Company*, in samewerking met *Joburg Ballet*, aangebied is. Marissa het die voorreg gehad om onder leiding van die vervaardiger, Jayd Swart en die Italiaanse choreograaf, Mario Gaglioni, saam met twee van *Joburg Ballet* se dansers in die produksie te dans wat 'n kombinasie van ballet en kontemporêre dans is. Sy gaan gedurende die vakansie in nog twee dansproduksies in die Roodepoort Teater dans, nl. die ballet, *Giselle* en 'n kontemporêre dansproduksie, *Chaphaza*, waar daar ook een van haar eie choreografiestukke, *The Remnant,* te sien gaan wees. *Chaphaza* toer ook na Durban waar hulle in die *Playhouse Teater* gaan optree. ***Break a leg*****,** Marissa!






*Almal is welkom!*

# AFHAAL VAN LEERDERS WEENS SIEKTE OF AFSPRAKE TYDENS SKOOLURE

**Die volgende prosedures geld en ons versoek dat ouers asseblief streng hierby sal hou. Indien 'n leerder by die skool afgehaal moet word weens 'n afspraak van watter aard ookal, word u versoek om 'n brief te skryf met die leerder se naam en van, rede vir afhaal en tyd wanneer en wie hom/haar by die skool kom afhaal duidelik daarop aangedui. Hierdie brief moet deur mev. Elbé Gouws of Francois Vosloo geteken word.**

**Die leerder hou die brief totdat dit tyd is om die klas te verlaat, toon dit aan die onderwyser en meld aan by ontvangs om uit te teken. Die ouer meld op die bespreekte tyd by die hoofhek aan om die kind te ontmoet.**

**** Let wel: Leerders mag nie oor die interkom uit klasse geroep word nie ****

**Indien 'n leerder siek word by die skool, móét hy/sy na ontvangs gaan waar Ria Hoar die nodige sal doen. *Leerders word versoek om asb. nie self ouers te kontak nie. In geval van siekte sal die skool u dadelik in kennis stel.**

**Leerders wat voor 10:00 uur uitgeteken word, sal afwesig gemerk word.**

**U samewerking in dié verband word opreg waardeer.**

---

**Vir afwesighede, vul asseblief die *Google* vorm voor 08:00 op dag van afwesigheid in:**
**https://bit.ly/HSRBDV2020**

## Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

***LO-Klere en Sweetpakke slegs by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!*** **Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met Me. Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!**

## Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Woensdag-oggende vanaf **07:30 tot 8:30**. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Elizabeth van Aswegen** by **083 626 2202** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.

## CSV

Elke Woensdag, tweede pouse in T13.
Almal is welkom.

# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders 'gou-gou' op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **Prosedure**: Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.

**Algemene reëls vir parkering:**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

**********

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**

# ADVERTENSIES




**WOENSDAE 12:30 – 14:15**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**

WISKUNDE
GR 12
Gerig op die eindeksamen
WEN JOU
WETENSKAP
& WISKUNDE
Hulpbronne Gr 10 tot 12
Wiskunde En Wetenskap
Elke afdeling is kernagtig en hanteerbaar opgesom. Maklik om te leer, te onthou en weer te gee.
Bevat voorbeeldsomme met stap vir stap verduidelikings.
Paket sluit in:
• Opsommings
• Flitskaarte
• Vraestelle
• Memo's
R220
vir Wiskunde Pakket
R275
vir Wetenskap Pakket
R120
vir Afleweringskostes
https://wenwetenskap.co.za
Helena - 0845103373
hverwey@absamail.co.za

FORWARD THINKING
Accounts Receivable Consultants
Get your invoices paid
FASTER!
We prepare and send your monthly invoices and statements on your behalf to your clients.
× Monthly Billing
× Monthly Statements
× Monthly Reporting
× Handling of AR Related Queries
× Filing of Accounting Records
4 BILLING RUNS
WE HAVE BUILT OUR REPUTATION ON OUR EFFICIENCY AND ACCURACY
ESTABLISHED INVOICING PROCESS
Outsource your monthly invoicing to us!
CONTACT US
FOR MORE INFORMATION
+27 (0)11 791 1751
+28 (0)84 602 8237
info@forward-thinking.co.za
Invoice
PAID



# Advertensies

ERNA BISSCHOFF (PTY) LTD

# HET JY HULP NODIG MET WISKUNDE?

My metodes kan jou help om beter punte te behaal.

## KABV KURRIKULUM GRAAD 8-12

**Kontak Erna vir meer inligting.**
**Sel: 0796567764**
**Epos: ernabiss@gmail.com**

# LA COURONNE DENTAL INC.

011 792 2555

Dr Ryno de Vos

www.lacouronnedental.com

# JUNIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | **1**<br>Netbal: JOMO kampioenskappe te Crawford Ruimsig 07:00<br>Skiet: GSSU liga 3 (t)<br>Dogters en Seuns Hokkie (slegs eerste spanne): Redhill Festival (w)<br>Hokkie seuns o/14 Uitspele vir Noord van die Vaal 14:00 Monument | **2**<br>Dogters en Seuns Hokkie (slegs eerste spanne): Redhill Festival (w) |
| **3**<br>Admaths Gr 8-12 17:00<br>Netbal: Monday Night Lights<br>QMS Inhandig | **4** | **5**<br>Verjaar: F Fouche<br>Thomas Maluleke<br>Dogters Hokkie Greatz liga: Curro Aurora (mbw)<br>RTT Olimpiade rondte 2 14:00 – 16:00 | **6**<br>Verjaar: A de Wit | **7**<br>GSN Netbal (t) 08:00-17:00<br>Motsepe o/15 en Laerskole<br>Dogters en Seuns Hokkie: Linden Derby (w) | **8**<br>GSN Netbal Hoërskole o/14, o/16, o/17 en o/18 08:00-17:00<br>Dogters en Seuns Hokkie: Linden Derby (w)<br>A Capella oefening 08:00-12:00 Skool | **9**<br>Verjaar: R v Rensburg<br>GSN Netbal Hoërskole o/14, o/16, o/17 en o/18 (t) 08:00-17:00 |
| **10**<br>Admaths Gr 8-12 17:00<br>Gr 12 Verlengde Skool: Wisk. 14:00-15:15<br>Netbal: Monday Night Lights<br>BL-vergadering 18:30 | **11**<br>Verjaar: S vd Berg,<br>Melissa Wiedeman | **12**<br>Simfonieorkes Soireé 18:30 Ouditorium<br>Derby Worshipaand 18:00 Doxa Deo Linden | **13**<br>Rugby: FNB Derby vs Linden (t) | **14**<br>**Skool Sluit**<br>Vakansie skool: Fisiese Wetenskappe 08:00-13:00 | **15**<br>Vakansie skool: Fisiese Wetenskappe 08:00-13:00 | **16**<br>**Vadersdag & Jeugdag** |
| **17**<br>**Publieke Vakansiedag** | **18**<br>Verjaar: C Naude<br>: C Reineke | **19** | **20**<br>Verjaar: E v Rooyen | **21** | **22**<br>SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 4 | **23**<br>SANESA Ruitersport Gauteng-Wes Kwalifiserende Byeenkoms 4 |
| **24** | **25** | **26**<br>Verjaar: M Strachan | **27**<br>Verjaar: P Booysen | **28** | **29** | **30** |